Mnr. H. Jooste was die wenner van die "Magpie" kompetisie wat by Good Hope Kafee aangebied. Op die meegaande foto oorhandig die eienaar, me. Alpida Iakovides, mnr. Jooste se wenprys aan hom.

Boer wat glo vyf verkrag, vra borgtog

Die vermeende verkragting-slagoffers van 'n skaapboer leef in vrees vir die moontlikheid dat hy op borgtog vrygelaat kan word, het die landdroshof in Graaff-Reinet verlede week gehoor.

Die man, wat in die distrik Aberdeen boer, word daarvan beskuldig dat hy vyf vroue verkrag het nadat hy hulle met die belofte van werk na sy plaas gelok het.

Hy doen met behulp van 'n swaargewig-regspan aansoek om borgtog.

Die ondersoekbeampte, AO Andries Olivier, het getuig dat die boer een van die klaers gedreig het dat sy doodgeskiet sou word indien sy inligting vir hom wegsteek. Hy het glo boonop op 'n dag na Mpumalanga gery om een van die klaers daar te gaan soek.

Die hof het ook gehoor dat 'n vrou wat op sy plaas gewerk het, haar eie lewe geneem het.

Volgens Olivier het die beskuldigde 'n selfoon en kommunikeer hy vanuit die gevangenis met sy voorman op die plaas.

Benewens die vyf aanklagte van verkragting, staan hy ook tereg op vyf aanklagte van mensehandel, een aanklag van aanranding met die doel om ernstig te beseer, en 'n aanklag van intimidasie.

Die klaers is van KwaZulu-Natal, Mpumalanga, Gauteng en die Oos-Kaap.

Luidens die klagstaat het die verkragtings tussen Maart 2020 en Mei vanjaar gebeur.

Die aanklag van intimidasie spruit uit 'n voorval in Junie vanjaar toe hy glo 'n klaer probeer oorreed het om nie met die polisie te praat nie.

Die aanklag van aanranding hou verband met 'n negejarige kind wat glo in Desember verlede jaar met 'n besemstok geslaan is.

Die staatsaanklaer Monique Botha het aangevoer daar is 'n sterk saak en indien hy skuldig bevind sou word, hy lewenslange tronkstraf kan kry.

Hy is verlede jaar in die streekhof in Oudtshoorn skuldig bevind aan die ontvoering en seksuele aanranding van 'n vrou aan wie hy 'n saamrygeleentheid gebied het.

Hy is toe ses jaar tronkstraf opgelê, opgeskort vir vyf jaar.

Dit is in dié opgeskorte tydperk dat van die beweerde verkragtings op sy plaas gepleeg is.

Hy gaan skuld op die aanklagte ontken.

Die onus het verlede week op die boer gerus om aan die hof te bewys dat daar buitengewone omstandighede is wat sy vrylating regverdig.

Die borgtogaansoek is tot 14 September uitgestel.

Die plaaslike buurtwagpatrollie het verlede naweek toegeslaan op kriminele in die dorp en 'n paar gearresteer vir die besit van vermoedelik gesteelde items en gevaarlike wapens. Die klompie wat ook onwettig onder die brug in Voortrekkerstraat plak is ook gewaarsku om pad te vat.

Mnr. Eben Botha (PA), Raadslid van Wyk 3 van die Beaufort-Wes Munisipaliteit, was die Waarnemende Speaker tydens verlede week se Raadsvergadering toe die mosie oor die naamsverandering van die Beaufort-Wes Munisipaliteit ingedien is.

9 September is Internasionale Fetale Alkohol Spektrumafwykingsdag

Agtergrond

In die laat 1990s het 'n groep Kanadese en Nieu-Sealandse biologiese en aangenome-/pleegouers van kinders wat met FASA gediagnoseer is, 'n aanlyn ouer-ondersteuningsgroep gestig. Sodoende het hulle mekaar ondersteun en inligting rakende FASA en die versorging van hul kinders gedeel. Ten einde wêreldwye bewustheid te bevorder, het hulle besluit om 'n Internasionale FASA Bewusmakingsdag te stig. Die eerste Internasionale FASA dag is op 9 September 1999 (09/09/1999) gehou en is ook op hierdie datum vir die eerste keer in Suid-Afrika herdenk.

Hoekom 9 September?

Die simboliek van die nommer 9 is baie belangrik, omdat 'n vrou normaalweg vir 9 maande swanger is. Die getal 9 word dus ten volle benut (die 9de dag van die 9de maand om 09h00).

Wat gebeur op 9 September?

Lede van die publiek wat belangstel om bewusmaking rakende FASA te bevorder, word versoek om die voorkomingsboodskap met klein groepies vriende/kollegas of ander gemeenskapslede te deel deur die volgende te doen:

- Ontmoet op 9 September om 09h00;
- Deel FASA knope of lapelwapens uit, indien beskikbaar (bestel vanaf FARR teen 'n koste van R25 per pakkie van 9 knope of R198 per pakkie van 9 lapelwapens – elke pakkie bevat inligtingsvlagies wat die FASA voorkomingsboodskap verduidelik);
- Deel 'n kort FASA voorkomingsboodskap (*Sien onder: "Wat is die FASA voorkomingsboodskap");
- 09h08: Een minuut stilte om te dink aan mense wat reeds deur FASA geraak is, hulle familie/versorgers, asook wat elke persoon kan doen om hul familie en vriende oor FASA in te lig;
- 09h09: Verbreek die stilte deur 'n klok (of klokke, bv. kerk-, skool- of handklokke) te lui en sodoende almal tot aksie op te roep om bewustheid oor FASA te skep, veral rakende die belang van alkoholvrye swangerskappe;
- Moedig deelnemers aan om die FASA knoop of lapelwapen vir die dag te dra en om die boodskap met ten minste 9 ander persone te deel.

Die battery en radiator van die bakkie is verlede Dinsdag gesteel. Die voorval het in Hospitaalheuwel plaasgevind.

Wat is die FASA voorkomingsboodskap?

Fetale Alkohol Spektrumafwykings (FASA) is die mees algemene oorsaak van permanente verstandelike gestremdheid in die wêreld. Fetale Alkhol Sindroom (FAS) word beskou as die ernstigste vorm van hierdie reeks afwykings. Volgens die Wêreldgesondheidsvereniging is die wêreldwye voorkoms van FASA minder as 1%. Suid-Afrika het die hoogste gerapporteerde FASA-voorkomssyfers ter wêreld, met koerse so hoog as 28 - 31% in sommige gemeenskappe. Daar word beraam dat ons land se algehele koers so hoog as 11% is (WGO verslag 2018).

FASA word veroorsaak wanneer 'n vrou tydens swangerskap alkohol gebruik. Dit kom voor in alle kulturele, godsdienstige en sosio-ekonomiese groepe. Die alkohol word deur die swanger vrou se bloedstroom geabsorbeer en bereik die ongebore baba (fetus) deur die naelstring. Die alkohol is skadelik vir die ontwikkelende fetus, en kan enige van die fetus se organe beskadig. Die brein is die mees kwesbare orgaan. Alle kinders met FASA het dus een of ander vorm van permanente breinskade, wat presenteer as ontwikkelingsagterstande, leer- en gedragsprobleme. FASA is permanent en kan nie deur medikasie genees word nie.

Daar is steeds baie mites rondom FASA. Sommige mense glo steeds dat 'n vrou 'n alkoholis of swaar alkoholgebruiker moet wees om geboorte te gee aan 'n kind met FASA. Navorsing bewys egter dat selfs geringe tot matige alkoholgebruik skade kan aanrig. Dit is dus noodsaaklik om die volgende voorkomingsboodskap te versprei:

Geen hoeveelheid alkohol is veilig tydens enige tyd van swangerskap nie.
FASA veroorsaak permanente skade, maar dit is 100% voorkombaar, deur nie tydens swangerskap alkohol te gebruik nie.

Vir navrae of onderhoude kontak:

info@farrsa.org.za / Tel: 021-6862646

Saamgestel deur Dr Leana Olivier (Hoof-Uitvoerende Beampte) en Me Liska White (Kommunikasiekoordineerder)